LAERSKOOL IMPALA

KULTUURBELEID

Die volgende Kultuuraktiwiteite word by Laerskool Impala aangebied, nl:

A1. KUNSWEDSTRYD

Jaarliks word soveel moontlik leerlinge by die Kempton Parkse Kunswedstryd ingeskryf. Die skool neem aan verskeie items in die Afrikaanse en Engelse afdeling deel. (Bv. voorbereide, onvoorbeide, voorgeskrewe en eie keuse poësie, onvoorbereide lees, solosang, sanggroepe, spreekkoor, ens). Daar is ook leerlinge wat deur private instansies ingeskryf word vir drama, instrumentaal, ballet, klopdanse, ens. Daar word gepoog om die hoogste moontlike standaard te handhaaf.

2. REDENAARS

Elke jaar Mei/Junie word die interne Redenaarskompetisie by ons skool aangebied. Vanaf Gr 1 – 7 word leerlinge die geleentheid gebied om in die Afrikaanse of Engelse afdeling of beide deel te neem.

In Graad 1 tot 7 word ± 10 leerlinge per graad gekies vir die Afrikaans of Engelse afdeling of beide. Tydens die kompetisie word 2 leerlinge per graad, per afdeling gekies (wenner en naaswenner) om verder deel te neem. Die leerlinge verteenwoordig ons skool dan by die Kempton Parkse Redenaars- kompetisie waar ± 10 ander skole ook deelneem. Leerlinge kan vrywillig by die ATKV redenaarskompetisie inskryf.

3. VOORTREKKERS

Leerlinge by Laerskool Impala is lid van bv. die Impala Voortrekker-kommando. Alle voortrekker geleenthede en aktiwiteite word deur die Kommando georganiseer en beheer. Enige navrae moett aan Elsa Schnetler gerig word.

4. KOOR

Ons skool het 2 kore: ‘n Junior- en Senior koor. Die groepe neem ook deel aan die Kempton Parkse Kunswedstryd. Daar is verskeie optredes gedurende die jaar by kerke en ouetehuise, asook saam met vermaaklikheidskunstenaars en massakore.

5. REVUE

Revuegroepe nl. die Junior en die Senior Revuegroep. Die groepe neem ook deel aan die Kempton Parkse Kunswedstryd. Daar is verskeie optredes gedurende die jaar saam met vermaaklikheidskunstenaars. Elke 5 jaar bied ons ‘n Revue aan. In 2000 was “Musikale

Mallemeule", in 2005 "Fiesta" en in 2010 "Magical Moments" aangebied. Revue neem ook deel aan Spektrum en Conspirito Kompetisies.

B. KULTUUR EREKLEURE

Leerders kan erekleure vir die volgende aktiwiteite behaal:

a. Kunswedstryd (Sien punt 1)
b. Redenaars (sien punt 2)
c. Voortrekkers (sien punt 3)
d. Koor (sien punt 4)
e. Revue (sien punt 5)

(Kunswedstrydaktiwiteite sluit alle kunswedstryditems in soos bv. drama, instrumentaal, vokaal, solosang, dans ens. wat by Kemptonparkse Kunswedstryd gedoen is).

C. **DIE KRITERIA OM EREKLEURE VIR KUNSWEDSTRYD TE VERWERF IS SOOS VOLG:**

1. Puntestelsel:

Kunswedstrydtoekennings word gemaak op grond van die puntetoekenning wat die leerling jaarliks op die onderstaande kultuur-evalueringskaal verdien.

Die Beheerliggaam van Laerskool Impala huldig die mening dat die kultuurprestasies van 'n leerling wat vir Kultuur-erekleure by hierdie skool in aanmerking kom, van die hoogs moontlike standaarde van kulturele uitnemendheid en gehalte behoort te getuig.

- Slegs leerlinge se 7 hoogste punte verwerf in die kunswedstryd word aanvaar.
- 'n Spesifieke item kan slegs een keer vir puntetoekenning tel .
- Slegs 1 erekleure toekenning per jaar word aanvaar. 'n Leerling kan dus nie 2 balkies in een jaar verwerf nie.
- As 'n leerling 'n minimum van 18 punte bymekaar maak, ontvang hy/sy HALFKLEURE – die leerling ontvang dan 'n metaalbalkie vir Kultuur.
- Punte is nie oordraagbaar van een jaar na die volgende jaar nie.
- Revue, Koor, Redenaars en Voortrekkers word apart bepaal en mag nie as een van die 7 punte getel word nie.
- Net die hoogste punt vir 'n item word getel bv. Prestige verwerf maar is ook itemwenner, dan slegs die hoogste punt nl. 8 en nie 6 plus 8 nie.
- Halfkleure wat later volkleure word: Halfkleure balkie mag nie meer gedra word na Erekleure ontvang is nie.

2 Kultuur-evalueringskaal:

2.1 Kunswedstryd:

'n Leerder mag SLEGS aan die Kemptonparkse Kunswedstryd deelneem om in aanmerking te kom vir Kultuur Erekleure of Halfkleure.

Kredietpunte word volgens die persentasie toegeken.

Brons (minder as 70)	-	1
Silwer (70 - 74)	-	1
Chroom (75 - 79)	-	2
Goud (80 - 84)	-	3
Platinum (85 - 89)	-	4
Diploma (90 - 94)	-	5
Prestige (95 - 100)	-	6
Itemwenner	-	8
Afdelingswenner	-	10

Provinsiale Koor of Orkes

Lid van Streeks/Provinsiale Koor/Orkes - 6

(L.W. 'n Amptelike bewys van lidmaatskap en getroue bywoning van lg. moet ingehandig word.)

Uitvoerende Kunste

Leerlinge wat deelneem aan die S.A. Kampioenskappe moet 'n skriftelike bewys aan die organiseerders op 'n formele briefhoof inhandig met die volgende inligting:

- Item gelewer
- Persentasie behaal
- Plek behaal
- Groep of individuele deelname

Puntetoekenning :	Individueel	Groep
- Goue medalje -	Erekleure	Erekleure
- Silwer medalje-	10 Punte	8 Punte
- Brons Medalje -	8 Punte	6 Punte

- As 'n leerling 'n minimum van 30 punte bymekaar maak, ontvang hy/sy EREKLEURE – die leerling ontvang dan 'n geborduurde lapbalkie vir Kultuur.

- As ’n leerling vir ’n tweede keer HALFKLEURE verwerf, ontvang hy/sy EREKLEURE

- Van 2014 gaan die bewoording van bg. balkies verander van Kultuur na Kunswedstryd .

2.2 Redenaars

HALFKLEURE

’n Leerder ontvang halfkleure indien hy/sy vir 2 agtereenvolgende jare ’n 2e of 3e plek by Groter Kempton Park of ATKV behaal het.

EREKLEURE

Wenner by ATKV of Groter Kempton Park.

2.3 Voortrekkers:

Punte word deur die verskillende kommando’s bepaal en aan skool gestuur. (Beleid op aanvraag).

2.4 Koor

HALFKLEURE

Conspirito / Spektrum / Kunswedstryd (minimum van 3 skole)

- Naaswenners (Een van 3)

Kunswedstryd: Indien daar nie 3 skole deelneem nie, kry Koor Halfkleure met persentasie 90% -94%.

EREKLEURE

Conspirito / Spektrum / Kunswedstryd (minimum van 3 skole) - Hoogste toekenning. (Koor balkie)

Kunswedstryd: Indien daar nie 3 skole deelneem nie, kry Koor Erekleure met persentasie 95% - 100%.

2.5 Revue

HALFKLEURE

Conspirito / Spektrum / Kunswedstryd (minimum van 3 skole)

- Naaswenners (Een van 3)

Kunswedstryd: Indien daar nie 3 skole deelneem nie kry Revue Halfkleure met persentasie 90% - 94%.

LAERSKOOL IMPALA

EREKLEURE

Conspirito / Spektrum / Kunswedstryd (minimum van 3 skole) - Hoogste toekenning. (Revue balkie)

Kunswedstryd: Indien daar nie 3 skole deelneem nie, kry Revue Erekleure met persentasie 95% - 100%).

3. Dans

Dansitems wat by Kempton Park Kunswedstryd gelewer word, word by Kunswedstrydpunte getel. Alle ander dans wat bv. by "Festivals" en geaffilieerde dansorganisasies gedoen word, word vanaf 2013 gereken as: Prestasie buite skoolverband. Kriteria is beskikbaar.

3 Verantwoordelike persoon:

'n Persoon is in die Grondslagfase en Intersen Fase onderskeidelik aangewys om jaarliks rekord te hou van elke leerling se prestasie. 'n Behoorlike stelsel van Rekordhouding is ontwerp.

Leerlinge wat in aanmerking wil kom vir Halfkleure of Erekleure moet by die betrokke kultuurhoofde 'n vorm afhaal waarop hulle prestasies aangeteken gaan word deur die ouer. Elke vorm moet vergesel word van die oorspronklike sertifikate, puntetoekennings en medaljes. Let asb. op die sluitingsdatum!

4 Kultuurtrofeë

a) Junior Kultuurleerlinge (Grondslagfase)
b) Beste Presteerder in Kunswedstryd (Grondslagfase)
c) Beste Presteerder in Kunswedstryd (Senior Fase)
d) Senior Kultuurleerling (Graad 4-7)
e) Redenaars
   - Tweetaligheidstrofeë
   - Seun
   - Dogter
f) Kultuurseun (Gr 7)
g) Kultuurdogter (Gr 7)

LAERSKOOL IMBALI
VINNIG EN VLYTIG

Bg. Trofeë word ook net toegeken as daar ‘n leerder is wat daarvoor kwalifisieer.

Om as bv. Kultuurseun of Kultuurdogter (Gr. 7) aangewys te word, moes die seun/dogter aan ‘n verskeidenheid aktiwiteite deelgeneem het om te kwalifiseer en ‘n minimum van 25 punte behaal (Sien bylaag).

---oOo---

Hersien Maart 2014

Dans

Dansitems wat by Kempton Park Kunswedstryd gelewer word tel by Kunswedstrydpunte. (Kunswedstryd balkie). Die dansorganisasie moet geregistreer wees by 'n erkende geaffilieerde dansorganisasie soos bv. die "National Dance Teachers Association".

Dans buite skoolverband.
Moet geregistreer wees by 'n erkende geaffilieerde dansorganisasie soos bv. die "National Dance Teachers Association".
(Dans balkie)

HALFKLEURE vir dans:

- B-simbool verwerf met 'n individuele item by 'n "Festival"

EN

75% verwerf in 'n eksamen (solo)

OF

- ten minste 2 B-simbole verwerf in 'n groepsitem by 'n "Festival"

EN

- 75% verwerf in 'n eksamen (solo)

(m.a.w. ten minste 'n B-simbool vir die eksamen en Festival (2 B's)

EREKLEURE vir dans:

- A-simbool verwerf met 'n individuele item aan 'n "Festival"

EN

- 80% verwerf in 'n eksamen (solo)

OF

- A-simbool verwerf in twee groepitems by 'n "Festival"

EN

- 80% verwerf in 'n eksamen (solo)

('n A-simbool in Eksamen is "Honours with distinction")

International Dance Organization

Leerders moet ten minste aan 2 nasionale danskompetisies deelneem en gekies word om Suid-Afrika in die Internasionale Danskompetisie te verteenwoordig om erekleure te verwerf .